

Handleiding tot die Aftreeproses

Die kern van die handleiding

Verleen hulp aan werknemers van die Universiteit Stellenbosch (US) met die aftreeproses, spesifiek met betrekking tot voordele ingevolge die Universiteit Stellenbosch Aftredefonds (USAF).

1. Inleiding

Voordat u aftree, moet u belangrike besluite oor u finansiële toekoms neem wat gaan bepaal hoe u aftreejare daar sal uitsien. Hierdie handleiding is opgestel ten einde u te help om ingeligte besluite in verband met die Universiteit Stellenbosch Aftredefonds ('die Fonds') te neem.

Lees dit asseblief aandagtig deur en raadpleeg 'n finansiële adviseur as u enige verdere bystand nodig. As u ouer as 53 jaar is, kan u ook by die Universiteit se Afdeling Vergoeding en Voordele (AVV) 'n afspraak vir 'n gratis sessie met een van USAF se goedgekeurde finansiële adviseurs maak.

Die besluit oor die ouderdom waarop u wil aftree, is belangrik. Die kredietbedrag wat u in die Fonds het, tesame met enige ander spaargeld wat u dalk vir u aftrede bymekaar gemaak het, moet voldoende wees om u gedurende u aftreejare te onderhou. Hoe later u aftree, hoe groter sal u Fondskrediet wees.



NORMALE AFTREEOUDERDOM

65

▶ u moet aftree op 31 Desember van die jaar waarin u 65 jaar oud raak

▶ of soos in u dienskontrak bepaal

2. Agtergrond: Hoe werk USAF?

Die Fonds is 'n vastebydrae-fonds. Dit beteken dat die bydraes wat op u naam by die Fonds inbetaal word, as 'n vaste persentasie van u maandelikse pensioengewende vergoeding bereken word. Die Fonds belê hierdie bydraes sodat dit beleggingsinkomste vir u kan verdien. Beleggingsinkomste ingesluit rente- en kapitaalgroei word in die vorm van 'n daaglikse beleggingsopbrengs aan u toegeken. Fondsbates word in gebalanseerde beleggingsportefeuljes belê, wat beleggings in verskeie bateklasse insluit, naamlik aandele, effekte en eiendom. Die bates het wisselvallige markwaardes, wat beteken dat die beleggingsgroei daarop voortdurend verander en in sommige tydperke negatief kan wees.

Die Universiteit maak maandeliks bykomende USAF-bydraes uit u koste van indiensname (KVI) in die vorm van versekeringspremies vir sterftedekking en ongeskiktheidsinkomstevoordele. USAF se administratiewe uitgawes word ook uit die bydraes betaal. Die geakkumuleerde bydraes ten opsigte van elke lid, saam met die beleggingsgroei daarop, verteenwoordig die betrokke US-werknemer se Fondskrediet.

3. Aftreeouderdom

Die normale aftreeouderdom is 65 (d.w.s. u moet aftree op 31 Desember van die jaar waarin u 65 jaar oud raak) of soos in u dienskontrak bepaal.

4. Aftreevoordeel

By aftrede het u die keuse om óf die volle krediet in kontant te neem óf die volle voordeel of 'n gedeelte daarvan te gebruik om 'n na-aftrede inkomste (pensioen) aan te koop. Die Fonds se administrateurs, sal die bedrag van u Fondskrediet uitwerk. Hulle moet weet watter gedeelte van u voordeel u in kontant wil neem, en in watter na-aftrede-annuïteitprodukt u die balans van u Fondskrediet wil belê (indien enige).

As u u aftreevoordeel – hetsy gedeeltelik of in die geheel – in kontant laat uitbetaal, is belasting betaalbaar volgens die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) aftredebelastingtabel. As u reeds van die belastingkorting benut het, moet u op die volle bedrag van die uitbetaling belasting betaal. Die balans van die aftreevoordeel (indien enige) of die volle voordeel kan dan na die annuïteit verskaffer van u keuse oorgedra word, wat die pensioenprodukt waarop u besluit het, vir u sal aankoop. Daarna sal u 'n maandelikse inkomste ontvang uit die annuïteit wat aangekoop is. Die maandelikse pensioen bedrag is belasbaar.

Die volgende afdeling sit in meer besonderhede uiteen hoe u aftreevoordeel bereken word.

4.1 Vroeë aftrede

As u aftree tussen ouderdom 55 en u normale aftreeouderdom, bestaan u aftreevoordeel uit u Fondskrediet, insluitend 'n gedeelte van u geakkumuleerde ARR-bedrag (Aftreereserwerekening), indien ARR van toepassing. Die ARR-gedeelte sal pro rata bereken word volgens die tydperk wat verstryk het sedert u by die Universiteit in

diens getree het, teenoor die totale dienstydperk wat potensiële diens tot en met die ouderdom van 60 jaar insluit.

4.2 Normale aftreeouderdom

As u op 60 of daarna aftree, ontvang u u volle Fondskrediet insluitend u volle ARR (indien van toepassing) as aftreevoordeel.

Die belangrikste besluit wat u moet neem wanneer u die Fonds verlaat, is of u die aftreevoordeel as 'n enkelbedrag in kontant wil ontvang, en of u dit eerder wil aanwend om 'n maandelikse pensioen aan te koop.

Die volgende afdeling sit die verskillende opsies uiteen wat met die uitbetaling van aftreevoordele verband hou.

5. Aftreevoordeel voorligting

Sedert 1 Maart 2019 bied die Fonds persoonlike aftreevoordeel voorligting aan lede voordat hulle die diens van US verlaat.

Aftreevoordeel voorligting verwys na die bekendmaking en verduideliking, in duidelike en verstaanbare taal, van die risiko's, koste en heffings verbonde aan die Fondssopsies wat vir lede beskikbaar is.

Daar word spesifiek 'n verduideliking gegee van die proses, bepalinge en voorwaardes van:

- Die beskikbare beleggingsportefeuljes;
- Die bewaringsopsie wat in die Fonds beskikbaar is;
- Die Fonds se annuïteitstrategie (pensioenstrategie);
- Enige ander opsies wat vir lede beskikbaar is.

Aftreevoordeel voorligting sluit egter **nie advies in nie** – ook nie oor belastingkwessies nie.

Voor die lid se aftreedatum sal die Fonds se aftreevoordeel-voorligter met die lid in verbinding tree om 'n persoonlike voorligtingsessie te reël om die beskikbare opsies te verduidelik.

Binne ses maande voor 'n lid se normale aftreedatum sal die aftreevoordeel-voorligter 'n aftree-inligtingsdokument aan die lid stuur. Dit sal die Fonds se annuïteitstrategie, asook die belangrikheid van elke bousteen verduidelik, en die opsies wat deur die Fonds aangebied word. Die dokument sal illustratiewe kwotasies vir 'n inflasiegekoppelde annuïteit van vier voorkeurdienverskaffers – Old Mutual, Momentum, Sanlam en Just SA – insluit, asook illustratiewe onttrekkingskoerse van die in-fonds lewende annuïteit.

Die aftreevoordeel-voorligter sal met die lid in aanraking kom om 'n persoonlike voorligtingsessie te reël om feitlike inligting te verskaf en die Fonds se aftree-inligtingsdokument te verduidelik. Aftreevoordeel-voorligters mag nie finansiële advies gee nie. Die Fonds gee lede die keuse om met 'n adviseur van een van die vyf voorkeur-finansiële adviseursfirmas te gesels wat hulle met hul finale keuses by aftrede kan bystaan.



6. Opsies beskikbaar by aftrede

6.1 Stel aftrede uit die Fonds uit, d.w.s. neem eers later u aftreevoordeel, as u beplan om 'n tweede loopbaan te begin na u aftrede by US.

Indien u die aftrede uit die Fonds uitstel, sal u 'n uitgestelde afgetredene word:

- In hierdie geval sal u geld in dieselfde portefeulje in die Fonds belê bly, totdat u besluit om uit die Fonds af te tree.
- U sal egter, soos voor die aftreedatum, beleggingskeuses kan uitoefen en u beleggings kan omskakel voor aftrede.
- U sal verdere bydraes kan lewer indien u op 'n tydelike basis by US werk, en die bydraes kan van u salaris afgetrek word.
- Indien u te sterwe kom terwyl u 'n uitgestelde afgetredene is, sal die bepalinge van Artikel 37C van die Pensioenfondswet toegepas word. Die trustee sal dus die besluit oor die toewysing van die sterftevoordeel neem deur u begunstigdes en benoemdes op u begunstigdebeneoemingsvorm in ag te neem.
- Die goedgekeurde lewensdekking (gade- en kinderpensioen) sal staak.
- Neem kennis dat indien u 'n uitgestelde afgetredene word, moet u die Fonds op hoogte hou van u kontakbesonderhede, sodat die Fonds steeds met u kan kommunikeer.
- Dit is ook belangrik om u begunstigdebeneoemingsvorm op datum te hou. As u begunstigdes wil verander, kan u 'n begunstigdebeneoemingsvorm by Menslike hulpbronne se kliëntediens-sentrum aanvra en die nuwe ingevulde beneoemingsvorm aan hulle stuur. U kan hulle kontak by:

☎ 021 808-2753

✉ sun-e-hr@sun.ac.za

6.2 Dra u aftreevoordeel oor na 'n uittree-annuïteitsfonds

6.3 Neem 'n gedeelte in kontant en koop 'n annuïteit (pensioen)

Wanneer u aftree, het u 'n keuse om die geheel of enige gedeelte van die waarde van u aftreevoordeel as 'n enkelbedrag in kontant te neem, of om die geheel of enige gedeelte van die waarde te gebruik om 'n annuïteit (pensioen) aan te koop.



USAF Fondskrediet
Vol / of Gedeelte



Koop 'n annuïteit
(pensioen)

U het 'n keuse tussen die volgende annuïteite:

6.3.1 Lewens of Gewaarborgde annuïteit

'n Gewaarborgde annuïteit is 'n kontrak tussen u en die versekeringsmaatskappy waarvolgens die versekeraar onderneem om vir die res van u lewe 'n gereelde maandelikse pensioen aan u te betaal, in ruil waarvoor u 'n eenmalige vaste bedrag aan die versekeraar moet oorbetal. Aangesien die maandelikse pensioen vir die res van u leeftyd moet uitbetaal word, dra die versekeraar die risiko indien u lank na aftrede kan bly leef. Hierdie soort annuïteit beskerm u dus daarteen dat u u aftrekapitaal sou kon uitput.

Die Fonds waarborg nie hoeveel hierdie maandelikse inkomste sal wees nie, want die maandelikse pensioenbedrag word deur die volgende faktore bepaal:

- u Fonds-aftreevoordeel bedrag;
- hoeveel u van die Fonds-aftreevoordeel aanwend om 'n pensioenprodukt te koop; en
- die voordele wat die betrokke versekeringsmaatskappy aanbied.

Versekeraars neem verskeie faktore in ag wanneer hulle bereken watter bedrag maandeliks aan u betaal kan word. Hier onder volg 'n kort uiteensetting van sekere van hierdie faktore. Dit is egter raadsaam om dit in meer besonderhede met 'n finansiële adviseur te bespreek.



U OUDERDOM

Versekeraars benodig 'n groter aanvanklike bedrag om pensioen op dieselfde vlak aan 'n jonger persoon te verskaf as aan 'n ouer persoon.

Dit is omdat 'n jonger persoon na verwagting langer na aftrede sal bly leef, en die versekeraar gevolglik meer pensioenbetalings sal moet maak. 'n Ouer persoon kan dus met dieselfde kapitaalbedrag 'n groter maandelikse pensioen koop.



VOORSIENING VIR U HUWELIKSMAAT

U kan 'n maandelikse pensioen koop wat betaal word slegs solank u leef. Andersins kan u reël dat die pensioen na u dood steeds uitbetaal word. Dit kan betaal word aan u huweliksmaat of 'n ander persoon wat u benoem het. Versekeraars sal meer vra vir 'n pensioen wat voorsiening vir 'n huweliksmaat of ander begunstigde insluit, omdat hulle so 'n pensioen na verwagting vir langer sal moet betaal. As u dus so 'n pensioenprodukt wil uitneem, sal u 'n kleiner maandelikse pensioen met dieselfde bedrag kan koop. U sal egter die gemoedsrus hê dat u vir die finansiële versorging van u huweliksmaat of 'n ander afhanklike na u dood voorsien het.



INSLUITING VAN 'N GEWAARBORGDE BETALINGSTYDPERK

As u ongetroud is, of nie vir pensioen vir 'n huweliksmaat voorsien het nie en u kom kort na u aftrede te sterwe, sal u pensioenbetalings staak of verminder. 'n Moontlikheid wat u kan oorweeg, is om 'n gewaarborgde betalingstydperk in u pensioenkontrak te laat insluit. Die algemeenste gewaarborgde tydperke is vyf jaar en tien jaar.

Sê, argumentsonthelwe, u pensioen is vir vyf jaar gewaarborg, en u kom twee jaar na u aftrede te sterwe, sal u volle pensioen nog vir die res van die vyfjaartydperk uitbetaal word. Dit kan aan u huweliksmaat of u boedel betaal word. 'n Pensioenprodukt wat vir 'n gewaarborgde tydperk voorsien, sal ietwat meer kos as een daarsonder. U moet dus besluit of 'n gewaarborgde tydperk vir u belangrik is.



VOORSIENING VIR PENSIOENVERHOEGINGS

Inflasie sal die koopkrag van 'n pensioen wat nie jaarliks verhoog nie, baie vinnig verswak. Sê, argumentsonthelwe, pryse styg met 6% per jaar, terwyl u pensioen onveranderd bly, sal u na ongeveer 12 jaar net die helfte kan bekostig van wat u pensioen by aftrede kon koop. Dit is dus uiters belangrik dat u vir pensioenverhogings moet voorsien. Daar is verskeie soorte pensioenverhogings produkte wat aan u voorsien kan word. 'n Finansiële adviseur sal u hiermee kan raad gee.

'n Pensioen wat nie vir voldoende toekomstige verhogings voorsien nie, sal dus wel 'n groter inkomste in die beginjare van u aftrede oplewer, maar namate u ouer word, sal u lewenstandaard dramaties verswak.

6.3.2 Lewende annuïteite

Hierdie soort annuïteite werk soos volg:

- U enkelbedrag word belê in 'n beleggingsportefeulje van u keuse, wat aan die lewende annuïteit gekoppel word.
- U besluit jaarliks op die vlak van inkomste wat u uit die beleggingsportefeulje wil onttrek. Dit moet tussen 2,5% en 17,5% van die markwaarde van die belegging wees.
- Die verskil tussen die bedrag wat u uit die belegging onttrek en die opbrengs wat die belegging lewer, word herbelê sodat die beleggingsportefeulje verder kan groei. Hoe kleiner u jaarlikse onttrekking is, hoe groter sal u beleggingsportefeulje dus word.

Lewende annuïteite is gesofistikeerde produkte, maar dra sekere bykomende risiko's:

- As u onttrekkings aanvanklik te hoog is, sal inflasie die koopkrag van u beleggingsportefeulje inhaal.
- Dit kan gebeur dat u u pensioen uitput voordat u sterf.
- U dra self die volle beleggingsrisiko op die beleggingsportefeulje.

U sal kundige advies nodig hê om te besluit oor die mees geskikte lewende-annuïteit-produk, die vlak van die jaarlikse onttrekking en die beste beleggingstrategie. As u belangstel om so 'n produk te koop, raadpleeg asseblief 'n finansiële adviseur.

6.3.3 In-Fonds Lewende annuïteit (verstekopsie)

Die in-fonds lewende annuïteit bied 'n gladde oorgang van 'n bydraende lid na 'n pensioentrekker in die Fonds. Indien u die in-fonds lewende annuïteit opsie kies, hoef u nie die Fonds te verlaat by aftrede nie. U aftreevoordeel, nadat u enige kontantvoordeel geneem het, word gebruik om 'n maandelikse pensioen aan te koop. Die Fonds bied 'n trustee-verstekopsie en 'n pasgemaakte opsie aan. Die verstekopsie is die Raad van Trusteese se beste opsie vir die meeste lede van die Fonds. Dit bied vaste onttrekkingskoerse per ouderdomsgroep aan en geen beleggingsopsies nie. Daarteenoor bied die pasgemaakte opsie buigsame onttrekkingskoerse en beleggingskeuses aan.

Die onttrekkingskoerse is soos volg:

Ouderdoms-band	Trustees-verstekopsie: onttrekkingskoerse vir mans	Trustees-verstekopsie: onttrekkingskoerse vir vroue	Pasgemaakte opsie: onttrekkingskoerse vir mans en vroue
55 - 59	4.0%	3.5%	2.5% to 7.0%
60 - 64	4.4%	3.8%	2.5% to 8.0%
65 - 69	4.9%	4.2%	2.5% to 9.0%
70 - 74	5.6%	4.7%	2.5% to 10.0%
75 - 79	6.3%	5.2%	2.5% to 12.0%
80 - 84	7.3%	5.8%	2.5% to 15.0%
85 en ouer	8.7%	7.0%	2.5% to 17.5%

Die trustee-verstekopsie het die volgende kenmerke:

- 'n Minimum bedrag van R247 500 word vereis.
- Die administrasiefooi is 0.1% per jaar van u bates, beperk tot 'n batewaarde van R4 miljoen.
- Die beleggingsbasisfooi is 0.85% per jaar.
- U kan enige tyd tussen die trustee-verstekopsie en die pasgemaakte opsie omskakel.
- By die annuïtant se dood sal die voordele ooreenkomstig Artikel 37C van die Pensioenfondswet verdeel word. Die gade kan met die in-fonds lewende annuïteit voortgaan.
- U kan enige tyd kies om uit die in-fonds lewende annuïteit te onttrek en die voordeel na 'n goedgekeurde lewens- of lewende annuïteit by 'n ander goedgekeurde verskaffer oor te dra, ooreenkomstig Artikel 14 van die Pensioenfondswet.
- U kan nie op of na die aftreedatum geld uit ander goedgekeurde fondse na die Fonds oordra nie.

6.4 Neem u volle aftreevoordeel as 'n kontantenkelbedrag

U mag versoek om die geheel of enige gedeelte van die waarde van u aftreevoordeel as 'n enkelbedrag in kontant te neem. U mag dus kies om minder as die volle voordeel as enkeluitbetaling te ontvang. U kan selfs versoek dat geen enkelbedrag uitbetaal word nie, en eerder die volle aftreevoordeel gebruik om 'n na-aftrede-pensioenproduk aan te koop. Laasgenoemde moontlikheid sal die grootste maandelikse pensioenbedrag oplewer.

Hou in gedagte dat u belasting moet betaal op enige gedeelte van die aftreevoordeel wat u as 'n enkelbedrag laat uitbetaal. Die belasting daarop sal bereken word volgens die voorgeskrewe SAID aftredebelastingtabel. Sien die SAID webwerf vir die nuutste aftredebelastingtabel.

Vra asseblief 'n finansiële adviseur om die glyskaal vir u te verduidelik, en hoeveel belasting u sal moet betaal volgens die enkelbedrag waarop u besluit. U adviseur het inligting oor al u ander aftreevoorsienings nodig om u van akkurate advies hieroor te kan bedien. Die Fonds se administrateurs is verplig om die belasting op die enkelbedrag regstreeks van u uitbetaling te verhaal en slegs die netto voordeel aan u te betaal.

Die Fonds kan die betaling doen eers nadat hulle 'n belastingaanwysing van SAID af ontvang het. As u belasting sake agterstallig is (bv. omdat belastingopgawes nie bygewerk is nie), mag SAID hierdie belastingaanwysing terughou, wat die uitbetaling van u aftreevoordeel sal vertraag.



7. U finansiële adviseur

U mag daarby baat om met 'n finansiële adviseur te gesels, voordat u besluit watter annuïteitproduk u wil koop of hoe u die uitbetaling van u aftreevoordeel wil struktureer. Die keuse van 'n finansiële adviseur is egter 'n belangrike besluit op sigself.

Die Fonds het met vyf finansiële-adviseursfirmas gekontrakteer om Fondselede van advies te bedien. Vir lede van 53 jaar en ouer is hierdie adviesdiens gratis. In besonder word lede wie vroeë aftrede oorweeg of wie beleggingskeuses wil uitoefen, aangeraai om van die adviesdienste gebruik te maak.

Die paneel van voorkeurdienverskaffers bestaan uit:

- **Alexander Forbes Finansiële Beplanningskonsultante:**
+27 (0) 21 809 3750 / wesselsw@aforbes.co.za
- **Efficient Wealth:**
+27 (0) 21 914 8030 / martin@efw.co.za
- **Finfocus:**
+27 (0) 21 861 7000 / usafadvies@finfocus.co.za
- **Graviton:**
+27 (0) 21 883 9192 / arissik@gravitonwm.com
- **Sanlam Finansiële Advies:**
+27 83 375 9831 / hanlie.wethmar@sanlam.co.za

Die Fonds sal vir twee konsultasies by een van die voorkeurdiensverskaffers betaal. Die eerste konsultasie kan enige tyd vanaf ouderdom 53 gereël word, en die tweede een in die 12 maande voor aftrede.

Dis maklik om die voordeel te gebruik

- volg net hierdie stappe:

1. Kies 'n diensverskaffer.
2. Maak 'n afspraak met u gekose diensverskaffer en neem die koepon saam as bewys dat u die diens mag gebruik.
3. Kontak die MH Kliëntedienssentrum (+27 (0) 21 808 2753 | sun-e-hr@sun.ac.za) om 'n konsultasiekoepon te kry.

U mag versoek dat 'n adviseur die vlak van kommissie wat hy of sy verdien aan u bekendmaak.

8.2 Indien my aftreevoordele nie betyds betaal word nie, sal ek rente daarop verdien?

Ja. Beleggingsopbrengs word tot op die datum van uitbetaling toegeedeel.

8.3 Wanneer kan ek verwag om my aftreevoordeel te ontvang?

Die administrateurs probeer om aftreevoordele binne ses tot agt weke vanaf die laaste dag van diens uit te betaal, mits die volgende prosedures afgehandel is:

- aftrede-eisvorm volledig invul en deur MHB nagegaan;
- besonderhede verskaf van die annuïteitprodukt waarvoor fondse oorbetal moet word (indien u gekies het om 'n annuïteit te koop);
- berekening van die aftreevoordeel, wat verdienste uit die beleggingsbedrag moet insluit, deur die administrateurs; en
- belastingaanwysing deur SAID uitgereik.

Die algemeenste redes vir vertragings in die uitbetaling van voordele is dat die eisvorm onvolledig ingevul is of dat SAID nie 'n belastingaanwysing wil uitreik nie, weens probleme met die lid se belastingopgawes.

i 8. Vrae en Antwoorde

8.1 Hoe moet ek die Fonds se administrateurs inlig dat ek van plan is om ingevolge die Fonds se Reëls af te tree?

Om te verseker dat u aftreevoordele en verwante instruksies op die datum van u aftrede in orde is, sal u ten minste twee maande voor u beplande aftreedatum MHB in kennis moet stel. Op daardie tydstip sal u versoek word om 'n aftrede-eisvorm in te vul, wat MHB dan na die Fonds se administrateurs sal stuur. U moet duidelik op u aftreevorm aandui watter gedeelte (indien enige) van die aftreevoordeel u in kontant wil neem. U moet ook besonderhede verskaf oor die annuïteitprodukt waarvoor u die balans van u voordeel (indien enige) wil aanwend, en u finansiële adviseur se besonderhede.



9. Samevatting

Wanneer u vir aftrede beplan, is dit belangrik om te oorweeg hoeveel u lewenskostes per maand beloop, want u moet verseker dat u pensioen minstens hierdie uitgawes sal kan dek. Dit is ook belangrik om te verseker dat u pensioen sal groei, sodat u teen inflasie beskerm is. U moet ook seker maak dat u pensioenbetalings minstens vir die res van u eie leeftyd sal kan voortduur, sowel as vir dié van u huweliksmaat indien hy of sy finansiëel van u afhanklik is.

NOTA

Hierdie handleiding word nie as 'n omvattende uiteensetting voorgelê nie. Dit is eerder opgestel om sekere van die belangrikste aspekte in verband met u aftrede by die US uit te wys.

Die handleiding sal van tyd tot tyd bygewerk word, maar mag dalk op sekere tye nie ten volle bygewerk wees wat wetgewing of US-beleid betref nie. 'n Finansiële raadgever sal beskikbaar wees om personeel oor die jongste veranderinge in wetgewing in te lig.

Die handleiding beskryf verskillende voordele wat USAF bied. Die voordele wat lede ingevolge die Fonds geniet, is in die geregistreerde Fondsreëls uiteengesit. Alle sorg is getref om seker te maak dat hierdie handleiding die reëls akkuraat weergee. Sou teenstrydighede nietemin voorkom, moet die Fondsreëls voorrang geniet.